Woestyn in Soedan beproef fietstoer-deelnemers

"DIE wittebrood is verby," het Patrick Thomas, een van drie Kapenaars wat aan die Tour d'Afrique van Kaïro na Kaapstad deelneem, die naweek in die Soedan gesê.

Dié fietstoer van 16 weke is nou aan die begin van die derde week, en die sand, stof en sinkplaat-woestynpaaie van die Nubiese woestyn, tesame met die Afrika-son, stel mense se deursettingsvermoë op die proef.

Shanny Hill, die toerleier, het gesê: "Niks kan die fietsryers vir hierdie deel in die Soedan voorberei nie, maar hulle pas hulle goed aan."

Volgens Hill is nuwe slaappatrone, vreemde kos, antimalariamedisyne, die daaglikse inspanning om die lang afstande te voltooi, sonsteek, dehidrasie, die woestynwinde, stof, temperature wat van 10 °C tot 37 °C wissel en skaafmerke weens die lang ure in die saal uitdagings wat mense perke laat verbysteek soos hulle nie voorheen gedink het hulle sal kan nie.

Maar die belonings is iets wat geld nie kan koop nie. Rachel Dobson, 'n verslaggewer op die toer, het gevra: "Waar anders kry 'n mens 'n verkoelde trok in die middel van nêrens en staan die volgende oomblik 40 mense tou om jogurt te koop?"

Luidens 'n toerverslag is die Soedan, met 37 miljoen mense en meer as 550 etniese groepe, die grootste land in Afrika, maar ook die een wat die minste besoek word. Ongeag die land se probleme, ervaar die fietsryers dat gasvryheid en vrygewigheid van die belangrikste kenmerke van die Soedannese is. Luidens die verslag word die fietsryers gereeld in die eenvoudige dog pragtige tuistes van modder en stene ingenooi vir koffie of 'n maaltyd.

Terwyl die fietsryers wat die toer as 'n ekspedisie beskou, foto's neem en mense langs die pad van nader leer ken, is die mededinging in die voorste geledere blykbaar nog feller as die Afrika-son.

Die Nederlander Adrie Frijters beklee tans die eerste plek onder die mans, en die Amerikaner Christopher Maun is drie minute agter hom.

Onder die vroue het die Amerikaner Janet Alexander 'n groot voorsprong van 13 uur oor Alice Rawlinson van Suid-Afrika.

Die volgende uitdaging is die Sahara-woestyn, voordat Khartoem, die Soedan se hoofstad, op 3 Februarie bereik word.

Besoek www.tourdafrique.com vir nog inligting.

Die sand, stof en son in die Nubiese woestyn in die Soedan is nie enige fietsryer se speelmaat nie.